



© Die Oratorium Uitgewery

ST. DOMINICUS

8 AUGUSTUS

(1170-1221)

Onkunde oor die geloof kan 'n mens op 'n gevaarlike dwaalspoor bring. Dominicus het dit eerstehands ervaar toe hy as priester sy biskop vergesel het op 'n reis deur die Suide van Frankryk waar die Albigensiese kettery destyds groot veld gewen het. Saam met 'n paar metgeselle reis hy van dorp tot dorp om die mense oor die ware geloof te onderrig. Sy prediking en veral sy leefwyse het mense oortuig van die waarheid van die Evangelie. Sy apostolaat word vandag nog deur die Dominikaanse-orde voortgesit.